# 8 Januarie 2024 - Lesing 208 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die koms in die wolke – 18/7/61

**No: 7944** Ek het aan julle almal gesê dat Ek weer in die wolke sal kom, dat Ek net so na die aarde sal afdaal soos wat Ek eens opgevaar het na die Hemel. **Dat diegene wat Myne is**, My in Glans en Heerlikheid sal aanskou soos My dissipels My eens aanskou het, dat Ek ook **Myne sal wegneem** vanaf die aarde wanneer die dag van die einde aangebreek het.

Wel sal Ek reeds **vooraf in die Woord** na die aarde toe kom, want Ek Self is die Woord en Ek het julle beloof om by julle te bly tot aan die einde van die wêreld. Maar My sigbare koms lê nog voor julle, **want dit vorm die afsluiting van 'n aardse periode en die begin van 'n nuwe.**

My koms in die wolke moet letterlik geneem word, dog slegs **weiniges sal My aanskou**, want **My kudde sal klein wees** en alleen Myne sal My aanblik kan verdra. **Slegs vir Myne sal Ek sigbaar wees en sal Ek My mag en heerlikheid laat sien**.

En dit is julle hoop in ure van nood en verdrukking deur die God-vyandige magte, **want aan die einde sal alles vyandig teenoor God gerig wees**. Die maghebbers en hulle aanhang, die mense wat hulle in die geloofstryd aan hulle kant sal skaar, sal almal optree teen die wat aan My trou sal bly en wat sal standhou tot aan die einde.

Hulle sal julle meedoënloos **bedreig**, maar dan moet julle hoop op My koms, want Ek sal julle nie volgens liggaam en siel in nood laat nie. **Ek sal julle red en wegneem en bring na 'n plek van vrede** en julle geloof sal dan sterk wees sodat Ek My deur julle kan laat sien, wanneer Ek sal kom in die wolke om te oordeel die lewendes en die dooies.

Dan word die skeiding van die geeste voltrek en My teenstander sal dan geen mag meer oor julle hê nie, **want hy en sy aanhang sal gekluister word vir 'n baie lang tyd**.

Slegs weinig mense glo in alle erns dat My wederkoms naby is, maar die tyd is vervul en Ek sê nie meer; "Ek kom wanneer die tyd vervul is" nie, inteendeel, die tyd is vervul. Julle sal nog maar op 'n baie kort tyd kan reken, **met slegs weinig dae**, - gemeet aan die eindelose lang tyd wat alreeds verby is sedert 'n einde voorspel is. Julle leef in die laaste tyd, ook al wil julle dit nie toegee nie.

Weldra staan My koms julle te wagte. Sorg daarom dat julle ook tot die uitverkorenes behoort, **wie My koms liggaamlik sal belewe,** die wie My mag aanskou in Mag en Heerlikheid en die wie Ek sal wegneem kort voor die einde. Julle moet slegs tot hulle wil behoort, dan sal Ek julle ook die krag gee om by die wil ook die daad te kan voeg. Laat julle steeds deur My aangespreek word en probeer om aan My wil te voldoen, dan sal julle ook die verbinding met My tot stand bring. Julle sal julle by My aansluit en ook as Myne gereken word wat Ek sal red, voordat die einde aanbreek. Want dat Ek Self sal kom, is verseker en dat **julle My almal sal kan aanskou wat lewendig in My sal glo en aan My julle liefde betoon**, dit moet julle sonder twyfel glo, want My Woord is waarheid en sal vervul word.

Die mense wat My koms ontken en die koms slegs figuurlik wil verklaar, het nog nie so 'n sterk geloof dat hulle met My verbonde is nie. Maar die groot nood voor die einde sal hulle, wie van goeie wil is, se geloof versterk. Hulle sal dan ook self My koms afsmeek, omdat hulle slegs van My af redding sal verwag, wat vir hulle van die ander kant nie meer kan kom nie.

Julle moet glo dat Ek julle sal red uit die diepste nood en die uur verwag waarin My belofte vervul sal word.

En dan sal My teenstander verslaan wees en met hom sy groot aanhang, - wat weer deur die aarde opgeneem sal word. Daarom: Hoop en volhard, julle wat aan My wil behoort, want die uur van bevryding sal vir julle kom.

**Die dag van die skeiding van die geeste kom**. Daar kom 'n aardse en geestelike ommekeer wat julle sal beleef en word steeds weer vir julle in woord en geskrif aangekondig. Amein.